*Scriptura* 14 (1985) pp ~~65-73~~ 15-23



# BYBELONDERRIG: VERLEENTHEID OF GELEENTHEID ? *

*F A Swanepoel*
*Departement Bybelkunde*
*Universiteit van Port Elizabeth*
*6000 Port Elizabeth*

Dit sou nie oordrewe wees om te beweer dat Bybelonderrig soms 'n omstrede vak is nie. Daar is verskil van mening, wat dikwels met vurigheid gestel en verdedig word, oor die huidige stand van die vak en die belewenis daarvan deur die leerlinge; oor die vraag of die vak 'n verpligte of keusevak moet wees en oor die inhoud van die vak - om maar enkele aspekte te noem. Is Bybel=onderrig 'n verleentheid of geleentheid? Ten einde die vraag te kan beantwoord, is dit nodig om eers te let op die plek en funksie van Bybelonderrig in die opvoedingsituasie alvorens daar na knelpunte wat 'n verleentheid mag skep en moontlikhede hoe om die verleentheid te omskep, gekyk word.

As uitgangspunt sou ek graag wou stel dat die onderwys myns in=siens primêr 'n opvoedende onderrigtaak het. Dit is dan die taak van die opvoeder om die opvoedeling te begelei op sy pad na vol=wassenheid, sodat hy as opgevoede volwassene sy plek in die same=lewing kan volstaan en 'n mede-bouer aan die samelewingsbestel kan wees. 'n Opvoedingsbeleid en/of-praktyk waarin die klem te swaar val op kennis in die sin van formele kennis of vaardighede, hou die potensiële gevaar in om mense te lewer wat oor bepaalde vaardighede beskik, maar wat geestelik nie volwasse is om die vaardighede sinvol te implementeer nie. Miskien sien ons al iets daarvan in ons samelewing waar die mens na die maan kan reis; die wêreld kan verskrik met sy kragtige bomme; die tegno=logie kan uitbou tot die punt van wonders - maar homself nie ken en kan hanteer nie. In die eeu van die tegnologie sit sovele met die hand in die hare oor hulleself. En dan verloor alles sin en betekenis. Slegs 'n opgevoede volwassene kan sy aangeleerde kennis en vaardighede werklik sinvol gebruik. In die lig hiervan sou Bybelonderrig as die primêr begrondende dissipline of die hoeksteen van Christelike onderwys beskryf kan word. Dit is veral in Bybelonderrig dat die leerling in die lig van die Bybelse getuienis homself kan ontdek: wie hy is en behoort te wees; wat sy plek en taak in die wêreld is; in watter verhou=ding hy tot God en sy medemens staan en behoort te staan; en

* Voordrag gelewer voor die SAOU, Suurveld-tak, Grahamstad, 10 September, 1984.

wat die sin van die lewe is. In Bybelonderrig moet die leerling nie alleen begelei word tot geestelike volwassenheid nie, maar moet juis ook leer hoe om die Bybel as die sleutel tot 'n sinvolle bestaan en lewensvervulling te gebruik. Daarom stel Bybelonderrig die onderwyser voor besondere uitdagings. Op die fondament wat in Bybelonderrig gelê word en aansluitend daarby, moet daar dan in al die ander dissiplines gebou word.

Daar sou egter, in die lig van knelpunte rondom Bybelonderrig, gevra kan word of dit as sodanig in die praktyk realiseer.

*KNELPUNTE TEN OPSIGTE VAN BYBELONDERRIG*

Dat daar knelpunte ten opsigte van Bybelonderrig bestaan, kan nie ontken word nie.

Daar word dikwels beweer dat Bybelonderrig 'n afskeepvak is; 'n verpligte vak met 'n relatiewe laer status as baie ander vakke. Dit is ongelukkig so dat die "status" van 'n vak dikwels gesien word in die lig van die moeilikheidsgraad van sy eksamens; met die gevolg dat 'n nie-eksamenvak dan 'n lae status het. So gesien, is die status van Bybelonderrig baie laer as bv Wiskunde of Natuur- en Skeikunde. Ander koppel die status van 'n vak aan die aantal periodes wat daaraan afgestaan word. Weer eens lei dit tot die gevolgtrekking dat Bybelonderrig 'n laer status het. Ander sien 'n verhouding tussen die personeeltoekenning aan 'n vak en die status van die vak. En dan het Liggaamlike Opvoeding, wat ook 'n verpligte nie-eksamenvak is, 'n hoër status as Bybelonderrig, aangesien eersgenoemde aangebied word deur 'n spesifieke personneellid, aangestel op grond van sy opleiding en kwalifikasies, terwyl laasgenoemde dikwels aangebied moet word deur die personeellid wat te veel "oop periodes" het of die registeronderwyser. Die gevolg hiervan is dat Bybelonderrig soms 'n afskeepvak word, en dat die tyd daarvoor opsygesit, soms gebruik word vir die "belangriker" vakke. Dit feit dat Bybelonderrig 'n deur-die-wet-verpligte nie-eksamenvak is, verhoog nie noodwendig die status van die vak nie. Dit het eerder soms 'n negatiewe uitwerking in die sin dat dit dan gesien word as iets wat wetlik voorgeskrewe en daarom aangebied moet word. Alles in ag genome, dra die status wat Bybelonderrig in die praktyk beklee, by tot die verleentheid met die vak.

'n Tweede knelpunt wat daar ten opsigte van Bybelonderrig bestaan, sentreer rondom die leerplanne vir Bybelonderrig. Sonder om 'n gedetailleerde evaluering van die leerplanne aan te bied, sou die volgende algemene knelpunte in verband met die leerplanne aangestip kan word. Die Bybelonderrig-leerplan bevat te veel

duplisering. Daar is sekere gedeeltes uit die Bybel en temas wat telkemale weer in die leerplan opduik. Daarby is daar baie dikwels 'n duplisering van elemente wat in kerklike verband (bv in die Sondagskool of kategese) behandel is of word. Dit is so dat daar noodwendig raakpunte en aansluiting tussen die Bybel= onderrig- en kerklike leerplanne sal wees. Waar die raakpunte egter te groot is, ontstaan die gevaar dat die kind gefrustreerd of verveeld kan word omdat dit blote herhaling is en vir hom geen nuwe perspektiewe open nie. Dit plaas die onderwyser in die onbenydenswaardige posisie om aan die een kant nie te weerspreek wat die kind reeds geleer het nie, en aan die ander kant dieselfde stof tog wel op so 'n "nuwe" wyse aan te bied dat die kind nie gefrustreerd of verveeld is nie. Dit bring mee dat die onder= wyser dikwels in 'n verleentheidsituasie beland.

Die Bybelonderrigleerplanne skep verder die indruk dat dit nie rekening hou met en aansluit by die ontwikkelingsfases van die kind en veral met die godsdienstige wording van die kind nie. So word vrae wat in die kind se gemoed leef, dikwels nie beant= woord nie. En aan die ander kant word vrae gevra en beantwoord wat vir die kind op daardie stadium van sy ontwikkeling nie relevant is nie. Dit bring mee dat die kind, en dikwels ook die onderwyser, gefrustreerd word. Indien hierby ook in ag geneem word dat die klem dikwels te veel op die historiese, argeologiese en geografiese agtergrond val, is dit te begrype dat Bybelonder= rig soms 'n baie negatiewe beeld onder die kinders het en 'n verleentheid vir die onderwyser is.

'n Derde knelpunt wat aangewys sou kon word, sentreer rondom die opleiding van die Bybelonderrig-onderwysers. Dit is ongelukkig so dat Bybelonderrig aan die Onderwyskolleges tot 'n groot mate in dieselfde knelpunt as op skoolvlak is en dat dit deur verskil= lende persone, wat dikwels self geen formele Bybelkunde-opleiding het nie, aangebied moet word, benewens hulle doseerverpligtinge in die vakke waarin hulle goed opgelei is. Terwyl 'n mens groot simpatie met hulle het en groot waardering vir wat hulle doen, is dit eenvoudig nie 'n bevredigende of gesonde situasie nie. Die gevolg is dat daar by talle onderwysers 'n gevoel van onsekerheid is ten opsigte van Bybelonderrig. Hy ken die vakke waarin hy gespesialiseer het en bekwaam hom dikwels verder daarin, hetsy by wyse van verdere studies of indiensopleidingskursusse. Daarom kan hy met vertroue sy vak aanbied - om maar net daarna te voel dat hy op dun ys skaats as hy 'n Bybelonderrigles moet aanbied. Dieselfde is die geval met die onderwyser wat aan 'n universiteit alleen maar die verpligte Bybelonderrigkursus, wat 'n semester= kursus is, geneem het.

'n Verdere knelpunt, veral aan die sekondêre skole, is die gebrek aan 'n Bybelonderrigklaskamer. Dit is so dat die fisieke ruimte waarin 'n vak aangebied word, bydra tot die skepping van 'n bepaalde "vak-atmosfeer" en tot die ingesteldheid van die leerling tot die vak. So weet die leerling dat hy in 'n Houtwerk-werkswinkel sekere dinge mag en ander dinge nie mag doen nie, en word 'n praktiese Tikklas eenvoudig nie op die stowe van die Kookkunslokaal aangebied nie. Die aanbieding van Bybelonderrig in die Biologielaboratorium of Naaldwerklokaal, soos die geval soms is, en die afwesigheid van 'n Bybelonderrigklas, dra by tot die opvatting dat Bybelonderrig 'n onbelangrike toevoeging tot of selfs aanlapsel by die onderrigprogram van die skool is.

Verdere knelpunte rondom Bybelonderrig sou seker nog aangetoon kan word. Feit bly dat daar knelpunte is wat daartoe aanleiding gee dat Bybelonderrig nie altyd die plek in die onderwysopset inneem wat dit behoort in te neem nie en nie die funksie vervul wat dit behoort te vervul nie, en daarom soms vir onderwyser en leerling 'n verleentheid is. Die vraag is egter nou: Wat kan hieraan gedoen word? Nou lyk dit vir my of daar 'n paar moontlike wyses is waarop daar gereageer kan word. Die huidige situasie sou gelate aanvaar kan word en die knelpunte kan afgemaak word asof dit tog nie so belangrik is nie of dat daar in elk geval altyd en in alle vakke knelpunte is en sal wees. Of daar sou geredeneer kan word dat dit die taak van die Onderwysdepartement is om al die knelpunte op te los en om dan maar rustig te wag dat ander die sake vir ons moet oplos. Of daar sou gevra kan word: tot welke mate kan ek, as Bybelonderrigonderwyser, die knelpunte in my besondere situasie uit die weg ruim en so ook 'n bydrae lewer en die owerhede help om knelpunte makliker en gouer uit die weg te ruim? Laasgenoemde gesindheid is myns insiens nie alleen die mees verantwoordelike wyse nie, maar ook die mees effektiewe wyse waarop die knelpunte opgelos kan word.

## *GELEENTHEDE OM DIE KNELPUNTE IN UITDAGINGS TE OMSKEP*

Die aanbieding van Bybelonderrig stel aan die onderwyser 'n uitdagende geleentheid. Die onderwyser sal, veral in die sekondêre skool, die negatiewe beeld wat die leerling dikwels van Bybelonderrig het, met die gevolglike negatiewe ingesteldheid teenoor die vak, moet vervang met 'n positiewe beeld en ingesteldheid. Dit kan nie oornag geskied nie, maar sal 'n lang proses wees. Dit kan ook nie deur alleen maar die vak 'n eksamenvak te maak nie. Dit sou alleen bereik kan word deur die inkleding van die vak op sodanige wyse dat die leerling daardeur aangegryp, aangespreek en geïnspireer word. Dit gaan dus om *hoe* Bybelonderrig aangebied word en *wat* in Bybelonderrig aangebied word.

Die Bybelonderrigonderwyser is gelukkig vry van die "eksamenspook" en hoef die leerlinge nie "af te rig" vir 'n eksamen nie. Dit bied die unieke geleentheid van 'n vak sonder angs en druk, wat vir die leerling soos 'n oase in die woestyn van drukke gejaagd=heid kan wees. Dit is hier waar die kind weer "tot verhaal" kan kom. Die Bybelonderrigklas kan, en behoort myns insiens, daarom in 'n ontspanne en minder geformaliseerde situasie aangebied te word. Daarbenewens leen Bybelonderrig hom daartoe dat bykans elke moontlike onderwysvorm gebruik kan word, wat meebring dat die klas dikwels op verskillende wyse aangebied kan word, sodat selfs die vorm van die Bybelonderrigklas telkens vir die leerling 'n verrassing sal wees. So kan die onderwyser 'n formele lesing oor 'n moeilike onderwerp hou; die leerlinge 'n aktuele onderwerp laat debatteer; 'n paneeldiskussie hou oor 'n bepaalde tema, hetsy reagerend of interrogerend, bestaande uit 'n paneel van òf leerlinge, òf persone buite skoolverband, òf leerlinge en deskun=diges van buite; groepsbesprekings hou na 'n inleiding tot die onderwerp of ter voorbereiding van 'n klasbespreking; 'n werks=winkel aanbied waarin die leerlinge byvoorbeeld, nadat hulle lei=ding ontvang het oor hoe om Bybelstudie te doen, in groepe of individueel, Bybelstudie oor 'n bepaalde gedeelte doen; of 'n gedramatiseerde les aanbied wat kan wissel vanaf 'n "rollespel" waar 'n aantal kinders elkeen die woorde van 'n bepaalde persoon in 'n sekere gedeelte voorlees, tot 'n "opvoering" van 'n bepaalde Bybelverhaal. Hierbenewens is daar 'n baie groot verskeidenheid van oudio-visuele hulpmiddels beskikbaar wat met groot vrug in die Bybelonderrigklasse gebruik kan word. Dit sluit onder andere in: flennie-borde, transpirante, skyfiereekse, films en video's. So is daar puik films oor bepaalde Bybelverhale (bv Abraham, Amos e a) wat vir die junior leerlinge gebruik kan word; oor die land Palestina, oor argeologiese opgrawings en die argeologie (bv Megiddo en Qumran), wat nie alleen met groot vrug gebruik kan word nie, maar wat in sommige gevalle onontbeer=lik is. Hoe kan 'n mens byvoorbeeld 'n les oor Bybelse aardryks=kunde aanbied as jy nie aan die leerlinge kan wys hoe die land daaruit sien nie? Bybelonderrig bied aan die onderwyser die geleentheid om die klasse op 'n treffende en aangrypende wyse aan te bied. Uit die aard van die saak moet daar 'n korrelasie tussen die onderwysvorm en die onderwerp wees en moet die onder=wyser telkens die mees effektiewe onderwysvorm kies vir die doel=wit wat hy met sy les het. So kan die inkleding van die Bybel=onderrigles nie alleen die dikwels negatiewe beeld van die vak afbreek nie, maar veral bydra om die leerlinge te laat uitsien na die Bybelonderrigperiode.

Hiermee saam hang die ideaal om, veral in die sekondêre skole, 'n aparte lokaal vir Bybelonderrig daar te stel. 'n Lokaal wat

nie alleen versier kan word met muur- en reliëfkaarte, plakkate, modelle van byvoorbeeld die tempel of tabernakel nie, maar wat ook sodanig ingerig is dat die lokaal 'n besondere karakter sal dra, deur byvoorbeeld in plaas van die gewone tafels en stoele of banke, sagte sitplekke het wat meer informeel gerangskik is, en toegerus is met die nodige apparaat (bv skyfie- en rolprent=projektors), Bybels en 'n biblioteek in die kleine. Die skepping van sodanige fasiliteite behoort 'n uitdagende geleentheid vir elke skool te wees. Tot dié ideaal bereik is, behoort elke lokaal waar Bybelonderrig aangebied word, gedeeltelik as Bybel=onderrigklas ingerig, toegerus en versier te word, natuurlik op so 'n wyse dat dit 'n integrale deel van die lokaalinrigting vorm of aansluit by die inrigting van die lokaal.

Die inkleding van die vak en vaklokaal is egter alleen nie vol=doende om Bybelonderrig tot sy reg te laat kom nie. Die inhoud van die vak is uiteindelik die enigste deurslaggewende faktor. Daarom is die deurslaggewende vraag nie hoe ek dit moet aanbied nie, maar wat ek in my Bybelonderrigklasse vir die leerlinge gaan aanbied. Terwyl dit so is dat die huidige leerplanne nie in alle opsigte bevredigend is nie, en die onderwyser daaraan gebonde is, word daar aandag geskenk aan die leerplanne deur byvoorbeeld die Vereniging vir die bevordering van Bybelkunde in samewerking en oorleg met die verskillende Onderwysdepartemente. Die departement Bybelkunde is, op versoek van die Direkteur van Onderwys van die Kaapse Provinsiale Administrasie, besig met 'n omvattende navorsingsprojek oor die Bybelonderrigleerplanne vanaf primêre skoolvlak tot op tersiêre vlak waarby 'n aantal nagraadse studente ook betrek is en op grond waarvan ons sal poog om 'n wetenskaplik verantwoorde kernsillabus vir onderwys=kolleges, primêre en sekondêre skole daar te stel. Terselfdertyd is dit so dat die huidige leerplanne aan die onderwyser die geleentheid bied om die vak op 'n sinvolle en bevredigende wyse aan te bied. In dié verband is dit egter noodsaaklik dat die aanbieder van Bybelonderrig vir homself duidelikheid sal verkry oor wat die vak behels en wat die doel met die vak is. Op sy eenvoudigste sou die taak en doel van Bybelonderrig myns insiens omskryf kon word as die oordra van die boodskap van die Bybel vir die leerlinge in hulle konkrete lewensituasie. Hier is dus twee pole wat bymekaar gebring moet word, naamlik die Bybel en lewensituasie van die kind. Dit impliseer dat Bybelonderrig nie gedegradeer mag word slegs tot die oordra en leer van die Bybelse geskiedenis, aardrykskunde, argeologie of inhoud van die Bybel of Bybelse verhale nie. Die Bybel mag ook nie gesien word as 'n boek vol tydlose objektiewe waarhede nie, maar juis as getuie=nisse oor die handelinge van die lewende Here met lewende mense binne hulle kultuur-historiese agtergrond en hulle reaksie daarop

wat deur die eeue nog altyd die sleutel tot 'n sinvolle bestaan en lewensvervulling bied. Bybelonderrig mag daarom ook nie maar net "morele prekies" wees nie. Dit kom dus daarop neer dat die onderwyser nie net die inhoud van die gedeelte wat in die leer=plan voorgeskryf is, aan die leerlinge mag oordra nie, want dan kan die kind dit bloot as "geskiedenis" ervaar wat nie betrek=king het op sy lewe nie. Andersyds mag hy ook nie iets wat in die gedeelte staan, net so projekteer op vandag se situasie nie (bv "jy mag nie varkvleis eet nie", of "dit is vir 'n man 'n oneer om lang hare te hê"), of na aanleiding van 'n gedeelte 'n klompie los opmerkinge maak nie, want dan kan die leerling nie die verband tussen die Bybel en sy eie situasie duidelik sien nie. Dit kom dus in kern daarop neer dat die onderwyser die Bybel so moet uitlê dat die leerling, namate hy groter word, dit al meer selfstandig kan lees en verstaan en op sy lewe toepas. By die uitleg van die Bybel moet die volgende basiese beginsels gehandhaaf word:

1 Die openbaring van God is aan ons beskikbaar in die vorm van 'n bundel geskrewe boeke, nl die Bybel. Dit impliseer dat die uitleggers van die Skrif erns moet maak met die Bybel as literatuur en, om dit te kan doen, ook met die metodes van die taal- en literatuurwetenskappe.

2 Die Bybel het 'n lang ontstaans- en oorleweringsgeskiedenis waarmee die uitlegger deeglik rekening moet hou.

3 Die Bybel en Bybelboeke het in 'n bepaalde kultuur-historiese milieu ontstaan, en kan derhalwe alleen verstaan word wanneer die historiese, godsdiens-historiese, geografiese en oudheid=kundige agtergrond in berekening gebring word.

4 Die Bybel is deur-die-Heilige-Gees-geïnspireerde Woord van God waarin die openbaring van God 'n geloofsappellatiewe intensie en karakter het. Die einddoel van die uitleg van die Bybel is derhalwe altyd om te bepaal wat die appèl is waartoe die mens met betrekking tot sy geloofsverhouding tot die Here en die inkleding van sy lewe opgeroep word.

In kort kom dit daarop neer dat by die uitleg van die Bybel erns gemaak moet word met die teks van die Woord van God in al sy fasette.

Hierby moet die Bybelonderrigonderwyser sy klas goed ken en by die oordra van die boodskap juis op relevante wyse aansluit by die ontwikkelingsfase van die kind, die besondere omstandighede waarin die kinders hulle bevind en vrae waarmee hulle worstel.

Dit is natuurlik geen maklike taak nie, maar 'n groot uidaging waarvoor die Bybelonderrigonderwyser gestel word. Met die nodige toerusting en toewyding kan die Bybelonderrigonderwyser dié geleentheid aangryp en uitbou tot iets werklik groots en mooi.

Dit sou myns insiens die beste wees indien Bybelonderrig, net soos Liggaamlike Opvoeding, by alle skole gehanteer word ten opsigte van tyds- en personeeltoewysing, naamlik dat Bybelonder= rig ingesluit word op die gewone perioderooster en nie byvoor= beeld die eerste periode op Maandag en laaste op Vrydag vir alle klasse is nie, en dat dit aangebied word deur persone wat Bybel= kunde verkieslik as hoofvak geneem het. Daar is tans alreeds 'n groot aantal onderwysers met Bybelkunde as hoofvak en jaarliks voltooi baie hulle studies met Bybelkunde as een van hulle hoofvakke. Kan ons werklik sê dat 'n Christelike onderwys ons erns en 'n ononderhandelbare fondament van ons onderwysbeleid is, as ons nie Bybelonderrig wil toevertrou aan diegene wat toe= paslik daarvoor gekwalifiseerd is nie? Tot tyd en wyl dié ideaal bereik is, rus die verantwoordelikheid op elke onderwyser wat Bybelonderrig aanbied, om homself sodanig toe te rus dat hy sonder vrees die vak kan aanbied in die wete dat hy op hoogte is met die beginsels, metode en inhoud van die vak. Hierin sou indiensopleidingskursusse, soortgelyk aan dié wat in talle ander vakke aangebied word, van onskatbare waarde wees. Die beginsel van sodanige kursusse is alreeds goedgekeur, en die departement Bybelkunde aan die UPE het in dié verband alreeds hulle bereid= willigheid om sodanige kursusse aan te bied, te kenne gegee. Om dit so te laat realiseer, sou versoeke in dié verband van onder= wysers, skole en verenigings, soos die SAOU, natuurlik die aange= leentheid bespoedig. Potensieel is die geleentheid daar indien daar behoefte daaraan en belangstelling daarvoor is. Dit is myns insiens 'n belangrike geleentheid om die vak Bybelonderrig in ons skole tot sy reg te laat kom.

Daar is 'n aantal knelpunte rondom Bybelonderrig op grond waar= van die vak soms 'n verleentheid vir onderwyser en leerling is. Daar is egter ook soveel geleenthede wat aangegryp kan word dat dit nie nodig is dat Bybelonderrig 'n afskeepvak met 'n negatiewe beeld hoef te wees nie. Inteendeel, die geleenthede is daar om die vak na behore uit te bou om in teorie en praktyk die fonda= ment van die onderwys te wees. Die vraag is net of die geleent= hede aangegryp gaan word en Bybelonderrig werklik tot sy reg gaan kom.

*Abstract - Religious education in schools: embarrassment or opportunity?*

In this article problems relating to the teaching of Scripture in schools are discussed. At present, situations often arise where the subject is an embarrassment to both teacher and student. By concentrating on how religious instruction should be presented, and particularly on what the subject matter should be, the task can become a challenge. Since no examinations are required in this subject, the teacher can create an informal atmosphere, and use almost every possible educational method: panel and group discussions, work shops, role play, as well as audiovisual material. Classrooms should be equipped with relevant maps, prints and posters. Lecturers of the Department of Biblical Studies at the University of Port Elizabeth and a number of post-graduate students are working on a project for the Education Department of the Cape concerning curricula for the teaching of Scripture from primary to tertiary education level. The objective is to compile a central syllabus for teachers' colleges, primary and secondary schools. The suggestion is made that, until teachers are adequately qualified in the instruction of Scripture, in-training courses should be considered. Such courses have been approved in principle, and the U.P.E. Department of Biblical Studies will undertake the instruction. This is an opportunity to do justice to this important subject in South African schools.